**Die eerste vyf bakke van God se toorn**

**Openbaring 15:1-16:11**

**4 Oktober 2020**

1. Die eerste vyf bakke:
    a. Sewe engele gaan sewe laaste plae van God se oordeel bring (vgl Op 14:10, 19-20)
    b. Engele kom uit die tempel in die hemel, God se woonplek – NAV; die tempel van die tent van die getuienis in die hemel (OAV)
        i. OT tempel was God se woonplek onder die volk
        ii. Getuienis = wet van God, was in die verbondsark in die Allerheiligste (Eks 25:21)
        iii. God bring sewevoudig plae oor die wat nie na Sy wil luister nie (Lev 26:21)
    c. Engele dra blink klere en goue band om bors – vgl Op 1:13
    d. Goue bak gevul met God se toorn – vgl Op 8:3-5
    e. Tempel gevul met heerlikheid van God – vgl Eks 40:34-35, 1 Kon 8:10-11
    f. 1ste bak: op land (vgl 1ste trompet – op aarde Op 8:7), pynlike swere
    g. 2de bak: op see (vgl 2de trompet – op see Op 8:8-9), see word bloed, al die seelewe gaan dood
    h. 3de bak: riviere en waterbronne (vgl 3de trompet – riviere en waterbronne Op 8:10-11), water word bloed
    i. Engele se respons: God se oordeel is regverdig, God is die Heilige (vgl Op 15:3), die Een wat is en wat was (vgl Op 1:4)
    j. 4de bak: son (vgl 4de trompet – son, maan en sterre Op 8:12), brand mense – maar hulle laster God (vgl Op 9:20)
    k. 5de bak: koninkryk van die dier (vgl 5de trompet – skag na onderaardse diepte, Op 9:1-12), byt tonge stukkend van pyn – maar laster God oor die pyniging
2. Vergelyking tussen bakke en trompette
    a. Ooreenkomste:
        i. Beide is gemik op ongelowiges
        ii. Teiken telkens dieselfde areas: 1: land, 2: see, 3: water en rivierbronne, 4: son, 5: koninkryk van die dier, 6: Eufraat, 7: finale oordeel
        iii. 7de bak en 7de trompet beskryf finale oordeel
        iv. Inhoud is plae – fisiese en geestelike/sielkundige lyding
    b. Verskille:
        i. Trompette waarsku, bakke is oordeel/straf
        ii. Trompette tref net gedeeltes, oordele tref alles (graad verskil)
    c. Betekenis
        i. Nie al 7 laaste plae is die finale oordeel nie (net die sewende is)
        ii. Dieselfde/soortgelyke gebeure kan of trompetwaarskuwing wees vir sommiges of bakoordeel wees vir ander (finaal vir hierdie persone)
        iii. God se oordeel oor iemand kan finaal wees voor finale oordeel, selfs in hierdie lewe (vgl Mat 12:32, Rom 1:24, 1 Joh 5:16)
        iv. God se oordeel in hierdie lewe sluit fisiese pyniging asook geestelike/sielkundige wroegings in
3. Toepassings
    a. Wat is die implikasies vir ons materialistiese wêreld?
    b. Neem kennis van die groot rol van gebed van gelowiges